19 April **Romeine 5:1-11**

(Teks: 5: 10)

Sekerheid

Hoe seker is jy dat jy eenmaal as die Here kom, die saligheid sal beërwe? Wat gee jou die sekerheid?

Die sonde is vyandskap teen God. Die mens het 'n onheilige vriendskap met die duiwel gesluit toe hulle in die tuin van Eden van die boom geëet het wat God hulle verbied het om te eet. Hulle keuse het hulle in onversoenlike vyandskap met God gedompel. En omdat hulle nie slagoffers was van die sonde nie maar aandadiges, is die vyandskap van die kant van die mens woes en vol haat van aard. *God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.* Hy het sy eie Seun gegee, sy Eniggebore, die Een wat met die diepste liefde denkbaar aan Hom verbonde was, sodat ons nie sal sterwe nie maar die ewige lewe kan hê.

Hy was van God verlate sodat ons nooit meer deur Hom verlaat sal word nie.

Ons is nie meer vyande van God nie. Ons is met God versoen. Vir ewig en onherroeplik.

Daar is nou vrede tussen ons en God en ons het vrye toegang tot God.

Hieroor kan daar geen twyfel wees nie. Ons sekerheid rus in die dood en offer van ons Here. En aangesien ons deur die dood van sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is.

Ons Verlosser leef!

Sing Psalm 89:1 en 2 Ds. P.B. de Klerk (Stilfontein)